BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTINGBEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# INTERNASIONALE MARKTE

## VORDERING MET SAMESPREKINGS TUSSEN DIE VSA EN CHINA STEUN MARKTE



### ► VERNAAMSTE BEURSE SLUIT HOËR

Die meeste internasionale markte het in Februarie gestyg nadat handelsgesprekke tussen die VSA en China betreklik goed verloop het en markte hoopvol was vir 'n deurbraak. Die Amerikaanse President Donald Trump het op 24 Februarie op Twitter geskryf dat hy die oorspronklike keer-datum (aanvanklik as 1 Maart bepaal) om tariewe op Chinese goedere te verhoog sal uitstel, danksy 'betekenisvolle vordering' met die samesprekings. Op 27 Februarie het die Amerikaanse Handelsverteenwoordiger Robert Lighthizer bevestig dat die VSA, minstens vir nou, die instel van tariewe op ys sal hou. Ander politieke spanning het markte beïnvloed en daar was swakker dae teen die einde van die maand. Die feit dat Trump en die leier van Noord-Korea, Kim Jong Un, geen ooreenkoms bereik het nie en ook spanning tussen Indië en Pakistan het aandeelpryse ietwat afgedruk.

Wall Street het die positiewe begin van die jaar voortgesit en die S&P 500 Indeks het maand op maand 3% hoër (+11.1% jaar tot datum) gesluit. Die Nasdaq was 3.4% hoër vir die maand (+13.5% jaar tot datum) en die Dow Jones 3.7% hoër (+11.1% jaar tot datum).

### ► BREXIT PLAAS DRUK OP EUROPESE MARKET

Europese markte het in Februarie positief gesluit, ondanks negatiewe sentiment weens Brexit onsekerheid. Die DAX in Duitsland het maand op maand 3.1% hoër gesluit (+9.1% jaar tot datum) en Frankryk was die CAC maand op maand 5% hoër (+10.8% jaar tot datum). Die VK se FTSE 100 het maand op maand met 1.5% gstyg (+5.2% jaar tot datum). Kommer oor 'n sogenaamde 'geen ooreenkoms' Brexit het 'n demper op stygings geplaas.

In Asië het Japan se Nikkei 225 die maand 2.9% stewiger afgesluit (+6.9% jaar tot datum) terwyl China se Shanghai Saamgestelde Indeks maand op maand met 13.8% gestyg het (+17.9% jaar tot datum) en Hong Kong se Hang Seng Indeks was 2.5% hoër vir die maand (+10.8% jaar tot datum).

Wat kommoditeite betref het die olieprys 6.7% gestyg nadat die Organisasie van Petroleum Produserende Lande (OPEC) produksie ingeperk het en Rusland bekend gemaak het dat produksie daar ook verminder sal word. Die goudprys was onder druk in Februarie en het met 0.6% gedaal maar die platinaprys het die maand 6.2% hoër afgesluit op $874 per ons.



*Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833*

# PLAASLIKE MARKTE
## - ESKOM OORHEERS BEGROTINGSAANKONDIGING



### ► GELDEENHEID VERSWAK

Die waarde van die rand het in Februarie 6.3% verswak vergeleke met Januarie, gedeeltelik danksy die Minister van Finansies Tito Mboweni se begrotingsaankondiging, maar is ook geraak deur spanning tussen Indië en Pakistan, wat die dollar gesteun het. Jaar tot datum is die rand 1.8% sterker teenoor die dollar. Mboweni het oor die tragiese stand van die plaaslike ekonomie gepraat en ook baie tyd bestee aan die voortslepende probleme by Eskom. Begrotingsdag het vir inwoners die nuus van 'n moeilike fiskale omgewing, lae tot geen ekonomiese groei, groter tekorte en dus meer lenings gebring. Dit sal waarskynlik sorg dat SA se verhouding van skuld tot BBP ten 2023/2024 bo 60% gaan wees.

Die JSE het 'n positiewe maand beleef en die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het 3.4% hoër as in Januarie gesluit (jaar tot datum +6.5%). Indrukwekkende vertonings deur veral hulpbronaandele het die plaaslike beurs gesteun. Resi-10 het die maand 8% stewiger as Januarie afgesluit en is jaar tot datum 11% hoër. Anglo American Platinum (Amplats) het 'n besonder goeie maand gehad en hierdie aandeel het 20.2% hoër as Januarie gesluit. BHP Group was vir die maand 10.7% stewiger, Anglo American Plc 8.9% hoër en Glencore het met 5.2% gestyg. Die Indi-25 het 4.1% hoër as Januarie gesluit (+5% jaar tot datum) danksy stygings vir markswaargewigte soos Richemont, Anheuser-Busch InBev and Naspers.

Die finansiële indeks het nie te watwonders gevaar ná die goeie vertoning van Januarie nie en die Fin-15 het maand op maand 2.1% laer gesluit (+4.6% jaar tot datum). Aandele soos FirstRand (-7.3% vir die maand), Sanlam (-6.4% maand op maand) en Standard Bank (-0.6% maand op maand) het die indeks afgedruk.

Die helfte van die 20 top vertoners van Februarie is in die hulpbronne sektor en die platinamyngroep Impala Platinum is bo-aan die lys met 'n styging van 55.8% teenoor Februarie, gesteun deur 'n hoër platinaprys en indrukwekkende resultate. Lonmin Plc was in die tweede plek op +44.7% en Sibanye Gold op 'n styging van 36.7% maand op maand in die derde plek.

### ► GAS VONDS KAN GROOT IMPAK HÊ

Daar was ook 'n bietjie goeie nuus in Februarie toe die Franse olie en gasmaatskappy Total aangekondig het dat 'n gas vonds wat 'n geraamde $100 miljard werd kan wees, aan die Kaapse kus gevind is. *Business Day* het berig dat 'n beduidende impak op Suid-Afrika kan hê omdat dit die land in staat sal stel om die verskeidenheid energie-bronne te verbreed en die land se afhanklikheid van steenkool kan verminder.

Wat ekonomiese nuus betref is 'n handelstekort van R13.1 miljard vir Januarie aangekondig en kredietverleining in die private sektor het jaar op jaar met 6.5% toegeneem, vanaf 5.1% jaar op jaar in Desember. Die inflasiesyfer vir Januarie is 4% jaar op jaar, teenoor 4.5% jaar op jaar in Desember. Maand op maand het pryse in Januarie met 0.2% gedaal. Die laer inflasieprys was grootliks te danke aan 'n laer brandstofprys. *BusinessTech* het berig dat droogtetoestande verskeie voedselpryse opwaarts gedruk het en dat die pryse van items soos patats met 20.1% gestyg het, tamaties met 26.8% en rooibostee met 19.4%.

### ▸ NOG 'N SWAK MAAND VIR DIE VOERTUIG MARK

Beurtkrag het sake- en verbruikersvertroue in Februarie geknak en dit was een van die bydraende faktore wat volgens die Nasionale Vereniging van Voertuigveraardigers (Naamsa) tot laer voertuigverkope aanleiding gegee het. Nuwe voertuigverkope het die maand op 43 251 eenhede agesluit, 6.6% laer as in die ooreenstemmende maand verlede jaar.

Die verkope van pasassiersvoertuie was in die besonder swak en het met 13.% tot 27 000 motors gedaal. *BusinessTech* het daarop gewys dat bekostigbaarheid vir baie verbruikers 'n probleem is en dat dit duidelik is dat huishoudelike begrotings onder druk is.

## SLIM WENK

### MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

Om welvaart te bou, te beskerm en te groei vereis 'n langtermyn finansiële plan. Hierdie soort plan is nie iets wat net een keer ondersoek en in werking gestel word nie. Dit moet aangepas word wanneer omstandighede verander. Byvoorbeeld 'n keuse om vroeër af te tree, 'n egskeiding of van werk verander en groter inkomste verdien. Enige gebeure kan 'n impak op 'n finansiële plan of beleggingstrategie hê of ook kwessies soos die bepalings van 'n testament beïnvloed. Raadpleeg jou adviseur om seker te maak dat jou strategie van pas is vir jou nuwe omstandighede.

## MARKPRESTASIE

**TABEL IS OP 4 MAART 2019 GEFINALISEER**

| | Vlak/prys | Jaar tot datum |
|---|---|---|
| **VSA** | | **%** |
| S&P 500 | 2804 | +11.84 |
| Nasdaq | 7152 | +12.98 |
| Dow Jones | 26026 | +11.57 |
| | | |
| **EUROPA** | | **%** |
| FTSE 100 | 7107 | +5.63 |
| XDAX | 11632 | +9.93 |
| CAC 40 | 5265 | +11.3 |
| | | |
| **ASIË** | | **%** |
| Nikkei 225 | 21 603 | +7.93 |
| Sensex 30 | 36064 | -0.01 |
| Shanghai | 2994 | +20.05 |
| Hang Seng | 28812 | +11.48 |

| | Vlak/prys | Jaar tot datum |
|---|---|---|
| **ONTLUIKENDE** | | **%** |
| UAE ADX | 5138 | +4.53 |
| KSA Taduwul | 8493 | +8.51 |
| Qatar | 3078 | -0.04 |
| Suid-Afrika | 56203 | +6.57 |
| | | |
| **Ander** | | **%** |
| Goud | 1294 | +0.84 |
| Ru-olie | 65.07 | +20.95 |
| VSA 10-jaar | 2.76 | +2.38 |
| Pond/Dollar | 1.32 | +3.98 |
| Euro/Dollar | 1.14 | -0.38 |

*Bronne:*
*Anchor Capital, Business Day; BusinessTech, Fidelity*


| | |
|---|---|
| MAURITIUS | +230 584 35215 |
| JOHANNESBURG | +27 (0) 11 799 8100 |
| SANDTON | +27 (0) 10 035 1391 |
| PRETORIA | +27 (0) 12 347 8240 |
| NEWLANDS | +27 (0) 21 418 1236 |
| BELLVILLE | +27 (0) 21 914 9646 |
| STELLENBOSCH | +27 (0) 21 882 8706 |





BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT IS AANGEWYS AS DIE TOP BOETIEK WELVAART BESTUURDER IN SA BY DIE 2017 INTELLIDEX WELVAART BESTUURDER EN PRIVAAT BANKE TOEKENNINGS.